STABILIS

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 44 · NO 3

Oktober / October 2010



# Grondslag vir jaar lê in passie

**Unieke Musiekfees, onverbeterlike Grey-gees en nóg 'n onoorwonne eerste rugbyspan maak van 2010 'n besondere jaar.**

**Lees meer op bladsy 12**

'No limits' - die eerste rugbyspan het hul leuse ten volle uitgeleef. Foto: Simon Sonnekus

Die jaar 2010 is 'n jaar wat vir menige redes onthou sal word. “Name And Shame” is 'n nodige instelling wat die Grey-gemeenskap vir die eerste keer beleef het, 'n onoorwonne seisoen vir die eerste rugbyspan, die “Rocking The Grey Way” Musiekfees en onvergeetlike Grey-gees reg deur die jaar.

Vroeg in die jaar al het mnr. Johan Volsteedt gesê dat dit die beste jaar ooit is waarvan hy deel was en mnr. Volsteedt was al deur legendariese jare...

'n Jaar se sukses word bepaal deur die voorbeeld wat deur die leiers gestel word en in daardie opsig was ons prefekte se gedrag (behalwe vir een of twee enkele voorvalle) onberispelik. Met die gehalte van skoolkapteine soos William Small-Smith, Neil Marais en Nicol Linde was dit te wagte dat alles ordelik en reg sal verloop.

So het die jaar verbygegaan en die matrieks van 2010 is aan die einde van hulle skoolloopbaan. Hulle sal gemis word. Soos mnr. Volsteedt gesê het, sal dit 'n moeilike jaar wees om op te verbeter, maar die matrieks van 2011 gaan ongetwyfeld volgende jaar hul beste gee en dit is wat Grey elke jaar sterker maak.

As daar vir 156 jaar elke jaar verbeter word is daar geen beperkings vir die eindresultaat nie.

**- Willie Louw**

Kultuur bl 5



Karen Zoid is 'n Afrikaner wat in vlees en bloed plesierig is

In Depth p7



Economic boom in China is reshaping the modern world as we know it

In Depth p8




Democracy under pressure due to undue control of press freedom

Sport bl 11



Na stadige begin sluit hokkiespan seisoen op 'n hoë noot af




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### Promising poets ensure publishing

An annual poetry contest was again presented by the Poetry Institute of Africa. Several Grey boys submitted their work for this contest and were not disappointed.

The selection committee selected poems by Billy Grünow, David Langford and Matthew Moles as examples of the best work presented to them. There were many entries and only a small number of poems were selected for publishing. Mrs Hester Roos, head of English, regards this achievement as an indication of the literary talent at the school.

Their poems will be published in the Institute's *Anthology of Poetry*, due to appear shortly.

## BELANGRIKE DATUMS

**9 Oktober**
Grey/Oranje Clover Atletiek

**13 October**
Grey Founders' Day Sportsman's Warehouse Street Mile

**15 Oktober**
Stigtingsdagvieringe

**20 October**
Prizegiving Function
Grey ABSA Tennis tournament

**21 Oktober**
Grey ITEC o/14 Waterpolo

**23 October**
Cricket vs Affies in Bloemfontein and Pretoria

**30 Oktober**
Krieket vs St Davids College in Bloemfontein en Johannesburg

# Groen en Goud inspireer

## Sewes-Bokke oorhandig kleure aan skool van hul trots



JW Jonker, Philip Snyman en Christopher Dry het hul kleure aan die skool oorhandig. **Foto: Le Riche Coetzer**

Oud-Grey sportlegendes toon dankbaarheid teenoor hul skool en oorhandig, volgens gevestigde tradisie, hul Suid-Afrikaanse kleure aan die skool.

Gedurende die afgelope kwartaal het Blitsbokke JW Jonker, Christopher Dry en Philip Snyman, hul Springbok Sewes-truie aan die skool oorhandig. Adriaan Strauss het boonop die Springbokke verteenwoordig en hulde gebring aan die skool waar hy leer rugby speel het deur ook sy trui te oorhandig.

"Dit is regtig inspirerend om te sien dat hierdie sportmanne, wat al oral oor die wêreld Suid-Afrika verteenwoordig het, nie die belangrikheid van hul boustene by Grey vergeet het nie," sê Dylan Prentis, 'n graad 8-leerling.

Mnr. Dries van der Wal sê dat hierdie seuns reeds op skool baie hard gewerk het. "Hulle is opregte jong manne en hulle positiewe gesindheid tel meer as net goeie rugby," sê hy. Mnr. Van der Wal het aan elk 'n erewapen oorhandig vir hoogste prestasie in sport (rugby). Philip Snyman het in matriek ongelukkig nie 'n erewapen verwerf nie. Dit was vir hom 'n groot eer om een te ontvang as beloning vir sy harde werk en positiwiteit.

Mnr. Johan Volsteedt se bekende woorde lui: "Tradisies is daar om iets beter te maak vir die volgende generasies." Hierdie is werklik 'n tradisie wat die Grey-seuns inspireer.

"Standvastig soos ons voorgeslag, in ons verlede lê ons krag," is treffende woorde in die skoollied. Christopher Dry het gesê dat hy ook in die verlede in dieselfde saal gesit het waar die Grey-seuns nou sit. Dit is sulke dinge wat uit die verlede uitkom wat elke Grey-'Boy'tjie' die inspirasie gee om die skool se naam en tradisies hoog te hou.

**- Quintin Beukes**

## Waarde van die kameras in die skoolgange is onskatbaar

Vandat die kameras aan die begin van 2009 geïnstalleer is, is daar al verskeie gevalle van diefstal opgelos. Nou is die vraag of dit ál is waarvoor die kameras gebruik word?

"Dit is oorspronklik ingestel met die doel om diefstal te bekamp en dissipline te verbeter in die klasse waar personeel dit versoek," het mnr. Volsteedt gesê. Hy het ook gesê dat die kameras slegs in die gange by die koshuise geïnstalleer is en nie in die kamers nie, juis om die seuns se privaatheid te beskerm.

Albert de Wet, graad nege-koshuisleerder, sê: "Die kameras het wel al gehelp met die ontleding van diefstalinsidente, maar dit ontneem steeds die seuns hul privaatheid om hulself ten volle te geniet in die koshuis." Hy en menige ander koshuisleerders voel dat die kameras by die skool maksimaal benut word, maar dat dié in die koshuis onnodig is.

In die afgelope twee weke is daar baie fyner gekyk op die kameras na swak dissipline, slegte voorkoms en laatkommery van leerders en mnr. Volsteedt voel dat daar reeds 'n waarneembare verbetering is.

Duidelik word die kameras by die skool ten volle benut, en is dit nodig om so nou en dan seker te maak dat dinge nog die 'Grey Way' gedoen word. Daar is egter konsensus onder seuns en personeel dat die kameras nie die rol moet vervul van die integriteit en self-dissipline wat 'n 'Grey Gentleman' in elk geval moet hê nie.

**- Reinhard Arndt**

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports
Grey College
Sport
Coca-Cola Fortune
live on the Coke side of life
Coca-Cola

# Tradisie van '40 Days' sorg vir hope pret



40 Days word jaarliks gekenmerk deur uitspattige kleredrag. **Foto: Le Riche Coetzer**

Tradisie is iets waarvoor Grey Kollege nogal bekend is en elke jaar sien ons talle tradisies wat herleef. Een van die mees gesogte is dié van die matrieks se laaste 40 dae, of beter bekend as "40 Days".

Hierdie dag is taamlik spesiaal vir die jaargroep wat binnekort onder die Ou Klok gaan deurloop. Dié spesifieke Vrydag het die geesvlakke al vroeg begin toeneem. Die Koshuismatrieks het al in die vroeë ure van die môre in Hamilton Hall se "gat" in abnormale en snaakse kleredrag vergader. Toe ontbyt begin, het die matrieks deur die eetsaal geloop en 'n paar mense laat lê van die lag.

Op 'n koue oggend was 'n gebrek aan klere volop en 'n paar matrieks moes vrugte en duiwe vertrou om hulle teen die oggendkoue te beskerm. Skooltyd het nie vir hulle daardie Vrydag bestaan nie en die matrieks was kort na saal op die sirkel, besig om te braai. "Ons het saal bygewoon en toe dadelik gaan braai." sê Francois Venter, 'n Brillhuis-prefek.

Venter het die verrigtinge as nostalgies beskou. "Die tyd vlieg so verby, ek onthou nog my eerste dag in die Hoërskool en binnekort onthou ek my laaste."

**- Simon Sonnekus**

# Reality of the Holocaust is brought home by survivor of Auschwitz

## Mrs Henia Bryer shares her concentration camp experiences of WW2

"It was phenomenal to have someone like her to come speak at Grey," says Jade Teise, a grade 11 learner. One of the few surviving Holocaust survivors came to Grey to speak about several of her harrowing experiences.

Henia Bryer (now 85) was just 14 years old when Nazi Germany invaded her hometown of Radom in Poland, and spent the next 6 years moving between ghettos and no less than 4 concentration camps, including the infamous Auschwitz and Bergen-Belsen. Her speech dealt with the experience of a Jewish victim in the Holocaust, including violence against innocent people. Shahid Jhetam says, "The imagery of her speech was very vivid."

Her speech had a profound impact on the boys. Mr Johan Volsteedt said, "We received her speech very positively - we realised that she had an important message regarding the need for human beings to be conciliatory to one another."

It seems as if this hope became a reality as Jade Teise says, "It makes us as Grey boys understand the true aspects of life and appreciate others around us even more." Graham agrees with him and says, "Cherish life, as it's not just about breathing, but about cherishing not only your life, but others' lives as well."

**- Billy Grünow**



Miss Cheré du Toit and Mrs Henia Bryer in front of the main building. **Photo: Le Riche Coetzer**

## LATE NEWS

### Marilyn Monroe ties everything together

The 2011 ball committee's first ball, *Two Tickets to Broadway*, was an amazing success. The atmosphere inside the hall was reminiscent of Broadway Theatre itself, with twinkling fairy lights strung up overhead, a flashing 'Broadway Theatre' sign, a backdrop of the New York City skyline and a poster of Marilyn Monroe tying everything together as she always does. The ball committee did a first-class job.

In an interview with Stabilis, Michael Butler regarded the most outstanding feature of the ball as "the tower of McDonalds burgers and the theme." In another interview Mr Wessel du Plessis, guest of honour at the ball, said that his personal highlight was "definitely the girls!"

The unfortunate downside to the event was the "mess-up" with the music, but the choice of music was excellent, with respect to the theme. The lighting was professionally done and it gave great effect to the evening.

*Two Tickets to Broadway* achieved an average rating of seven and a half out of ten. If this ball is anything to go by, we can expect great things to come from the 2011 ball committee.

**- Jarryd Scholtz**

# Medical facilities on campus aim to improve service delivery to boys

Grey has always strived to be on the forefront, on both the sports and academics fields. As Mr Volsteedt always says, "Grey can never get comfortable, we must always be improving!" Recently the school has taken another large step forward towards ensuring that Grey stays on top and is constantly improving, by introducing a new doctor and a psychiatrist in a new practice.

The new doctor, Dr Charles Smit and psychiatrist, Mrs Esta Hattingh, are readily available on the school campus. Their practice can be found by driving from the main gate and just past the teachers' parking spaces. Dr Charles Smit, an Old Grey, is here with the aim of helping the Grey boys with both general health problems, for example the flu, and injuries sustained on the sports field. "The physiotherapists, psychologists and I are aiming to take the best care of Grey's sportsmen and always to be improving on the quality of sport at Grey," says Dr Smit.

Mrs Esta Hattingh, a psychiatrist, is also available. She helps the boys with subject choices, study methods and even household problems. She is also very involved in the sports at Grey. She ensures our sportsmen's mindset is right in order to perform at their best on weekends.

**- Vincent Engelbrecht**

## Stabilis handhaaf steeds 'n besondere hoë standaard




Die uitslae van Media24 se Nasionale Skoolkoerantkompetisie is bekend. Na 'n agtste plek in 2009 behaal Stabilis vanjaar 'n welverdiende tweede plek.

Stabilis neem reeds sedert 2001 aan hierdie kompetisie deel en het toe die vierde plek behaal. Mnr. Pieter Wessels, konvenor van die skoolkoerant, sê: "Ons neem eintlik deel om onsself teen die beste in die land te toets. Ons leer ook baie en probeer om ons koerant elke jaar te verbeter. Wen is net 'n bonus." Stabilis het dié kompetisie reeds vyf keer gewen.

Stabilis hou tred met die eise van die tyd en die voorkoms van die koerant word daarom gereeld aangepas. Die jongste, moderne voorkoms het egter nie veel met die kompetisie te doen nie. "Ons het gevoel dat dit tyd is vir 'n verandering. Sommige mense mag dalk nie so baie van die nuwe voorkoms hou nie, maar dit sluit aan by veranderinge in die uitlegstyl in die joernalistieke wêreld," sê mnr. Wessels.

**- Christoff Odendaal**


HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.
Vanaf 1 Maart 2010



Nuwe eienaar:
Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 305 8434
hobbit@telkomsa.net · www.hobbit.co.za
19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN

# Our teachers aren't "striked out"

## Nationwide disruption took a dramatic toll on education in our schools



The strikers, representing SADTU, attempted to enter the school premises on two occasions. **Photo: Riaan Carr**

The South African Democratic Teachers Union (SADTU) staged a nationwide strike that left classrooms abandoned and drama waiting in the wings.

Grey College can justify themselves as unaffected by the strike, with all credit going to the dedicated staff members. Mr Gavin Goosen, Mathematics teacher, explains, "The reason why we weren't on strike is simply because it defeats the purpose of what we're doing- educating the learners." However, Grey College was still 'targeted' by the strikers on two occasions.

Headmaster, Mr Volsteedt, praised the staff for "unanimously deciding to put the interests of the learners first - which are of paramount interest." When Harry Chang, Grey College student, was asked how the strike affected the school and the work to be done in class, he simply stated, "What strike?"

**- Claudio Achadinha**

## KORTNUUS

### Redenaars praat hul opponente onder die tafel in

Grey se redenaars het nie op hulle laat wag nie en nog 'n suksesvolle jaar beleef. Daar is veral talent onder die juniors en dit beloof baie vir die toekoms.

Francois Venter, gesoute spreker en matrikulant, het vir die tweede jaar agtereenvolgens deurgedring na die ATKV se finaal. Hoewel hy hom weer uitstekend van sy taak gekwyt het, kon hy nie 'n plek onder die eerste drie behaal nie. As gesoute spreker geniet hy nog steeds elke jaar se kompetisie en leer elke jaar iets nuuts.

In die debatskompetisie het die junior span, bestaande uit Julius Zerwick en Luan Reynders, hul debat teen Jim Fouché gewen. Daarmee eindig hulle boonop tweede algeheel in die junior afdeling. Mev. Lettie van Wyk, afrigter van die debatspanne, sê: "Hul optrede en gedrag teenoor 'n span wat gebruik gemaak het van negatiewe en ongeoorloofde taktiek, was prysenswaardig. Ek dink die beoordelaars en die publiek het dit raakgesien."

Stefan Spamer het ook aan die redenaarskompetisie deelgeneem en hom baie goed van sy taak gekwyt. Daar is heelwat geleenthede vir die skool se redenaars om hul talent te beoefen. Met die jaarlikse interskole is ook weer teen die gewone opponente meegeding.

# Rosestad word toe nie vanjaar, soos voorspel, Paul Roos se stad nie

Dit begin beslis nie die dag wat Paul Roos se busse hier stop nie. Gedurende die hele seisoen boer die gedagte van hul grootste interskole in die koppe van elke Grey-seun. Die hele jaar se harde werk en bloedsweet kom alles neer op hiérdie naweek.

Vir beide Grey en Paul Roos is hierdie interskool by verre die opwindendste een. Talle Grey en Paul Roos 'Old Boys' het vêr gereis om hul ondersteuning te gee. Dylan Swanepoel, skitterspeler van Grey se eerste hokkiespan, sê: "Die Paul Roos-naweek is werklik spesiaal. Die grootte van die skare by ons wedstryd is ongelooflik. Hulle ondersteun ons ten volle en help ons om ons volle potensiaal op die veld te bereik."

Lojaliteit, 'n waarde by Grey, was deur Willem Scott ten toon gestel. Hy het die o/14 E-wedstryd regverdig geblaas. "Ek het na beide kante 'n "50/50 call" gemaak, maar verder het ek 'n regverdige wedstryd geblaas," sê dié gekwalifiseerde skeidsregter.

Hierdie jaar was daar egter 'n besonderse gebeurtenis wat bygedra het tot die naweek se sukses. Dit was die Onnies-en Afrigter-wedstryd. Mnr. Hendri Theron het gesê dat hierdie net 'n voorsmakie was vir 'n ongelooflike naweek. Alhoewel dit net 'n vriendskaplike wedstryd was, het dinge redelik fisies geraak.

Die Paul Roos-naweek is beslis 'n hoogtepunt vir die winterseisoen se sportsoorte. Dit gaan nie noodwendig oor wen of verloor nie; die elektriese atmosfeer en verskillende tipes mense maak van hierdie naweek 'n uiters besondere kragmeting.

**- Quintin Beukes**




Die bekende 'Grey'-pawiljoen tydens die wedstryd teen Paul Roos in Bloemfontein. **Foto: Simon Sonnekus**





Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide


# Koue en bedrywige kwartaal plaas demper op Ball

"Goeie tye, goeie kos en goeie vriende", aldus Neil Marais, vorige Ball-komitee-voorsitter. Neil sê dat hulle komitee graag vir die drie dinge onthou wil word.

Die laaste Ball van die ou komitee is gehou op Vrydag, 30 April 2010. Die seuns moes inderhaas, binne twee weke metgeselle reël, om die dames genoeg tyd te gun vir 'n nuwe rok. Die rede vir die min tyd was 'n baie kort kwartaal met 'n baie vol program - onder andere twee weg-interskole teen Afrikaans Hoër en Paarl Boys High en die eksamen kort om die draai. Neil sê dat hulle geen ander keuse gehad het nie - dit was of die naweek tydens die inter teen Selborne College of geen Ball nie.

William Small-Smith, skoolkaptein, sê dat die min tyd om betyds 'n metgesel te reël hom nie gepla het nie, en dat sy meisie gou genoeg 'n rok kon kry. "'n Winter Ball is altyd moeilik om te reël as gevolg van die koue, maar ek dink die Grey-manne se persoonlikhede was sterk genoeg om die aand op te warm," sê William. Dit was die ou komitee se laaste funksie.

Die nuwe komitee is kort na die laaste Ball gekies en bestaan uit: Gerhard Olivier - voorsitter, Nico Venter - dekor, Theodor Arndt - finansies, James Rothmann - foto's, Rudolph Botha - kos en Crispin Moss - kaartjies. Die komitee is deur die vorige komitee gekies.

Neil sê dat hulle 'n klomp lekker ouens met goeie idees is. Hy glo dat hulle die nodige eienskappe het om suksesvol te wees.

"Ons beplan groot dinge en ons is baie entoesiasties," sê Gerhard Olivier.

**- Luan Reynders**

PROFIEL

# Dié Karen Zoid is nou regtig vir jou 'n plesierige Afrikaanse 'girl'

## Veelsydige 'rock chick' wend haar deesdae ook na die silwerdoek



Karen Zoid was die grootste trekpleister van vanjaar se Musiekfees. **Foto: Riaan Carr**

PACOFS gaan Grey Kollege en Karen Zoid aankla van saakbeskadiging. Die Sand du Plessis-teater is tot in sy fondamente geskud. Dit blyk dat die dak ook gelig het toe Karen in ware ruk-en-rol-styl op die verhoog verskyn het. Soos ou bekende vriende het haar treffers van die afgelope jare langs ons kom sit: *Afrikaners is plesierig*, *Small room*, en die goue oue van Leonard Cohen, *Hallelujah*.

Dit was my voorreg om tussen die bedrywighede van die Grey Musiekfees 'n vinnige woordjie met die superster Karen Zoid te wissel. Sy was baie opgewonde toe sy bykans 'n jaar terug al gevra is om saam met die beroemde Grey Kollege op die verhoog te verskyn. Hierdie blondine met die lekker stem woon deesdae op Stellenbosch waar sy haar tans besig hou om 'n nuwe CD op te neem. Karen het so pas klaar tonele geskiet vir 'n nuwe film waarin sy gaan verskyn. Sy wou geen geheime verklap nie, behalwe om te sê dat sy haar lyf in 'n "fat-suit" moes inwikkel. In die fliek is sy 40 jaar oud, nogal 'n transformasie vir iemand so jonk van gees. Vertel ons meer, vra ek. Maar sy giggel net en sê dat Shaleen Surtie-Richards een van haar gunsteling-aktrises is. Wag en sien.

En die nuwe CD? Dit gaan 'n swaarder album wees. Op 'n dieper emosionele vlak. Maar voor ek verder kon vra, vertel Karen my sommer spontaan hoe fantasties dit is om saam met 'n duisend stemme op een verhoog te verskyn. Vir haar is dit 'n besliste hoogtepunt in haar loopbaan.

Ek vra Karen om vir my iets te vertel wat ons nie van haar weet nie. "Ek speel elke dag skaak," sê sy sonder om twee keer te dink. "O, ja, en ek eet nie aapkos nie!" Aapkos, vra ek verbaas. "Ja, man, PIESANGS!" en sy gooi haar hare terug soos sy lag. Sy drink ook nie kitskoffie nie, net filterkoffie, dankie!

Haar groot droom wat nog waar moet word? Om die hele tyd te "travel". Veral "route 66" in die VSA met die grootste en oudste kar denkbaar. En op die reis wil sy eendag haar seun leer oor die dinge van die lewe.

**Vyf vinnige vrae aan Karen**

**Gunstelingkos:** Braai (die "event", nie eintlik die kos nie!)

**Wat is in jou CD-speler?:** Queens of the Stone Age. Daniel Lanois.

**Gunstelingfliek/TV-program:** Simpsons. SNL. Late night with Conan O'Brian.

**Vakansieplek:** Enige plek saam met geliefdes.

**Wens vir Suid-Afrika:** Onthou mnr. Nelson Mandela se wyse woorde en hoe hy geleef het. Sy droom moet in almal voortleef.

Dit voel of ek en Karen ou vriende is, maar dis tyd om te groet. Ja, Grey Kollege het in Karen Zoid beslis 'n nuwe vriendin gemaak. En vir ons 'Grey Gentlemen' is vriende mos "for life"! Dankie Karen, jy het die Grey Musiekfees woema gegee met jou teenwoordigheid. Ons sal hierdie jaar altyd onthou!

**- Wijbren Nell**

STACCATO

### Introduction to the electric guitar



An electric guitar is a guitar that uses the principle of electromagnetic induction to convert vibrations of its strings into electric signals.

Since the generated signal is too weak to drive a loudspeaker, it is amplified before sending it to a loudspeaker. Since the output of an electric guitar is an electric signal, the signal may easily be altered using electronic circuits to add color to the sound.

Often the signal is modified using effects such as reverb and distortion. Arguably, no other musical instrument has had more of an impact on how music has evolved since the beginning of the twentieth century than the electric guitar.

Conceived in 1931, the electric guitar became a necessity as jazz musicians sought to amplify their sound. Since then, it has evolved into a stringed musical instrument capable of a multitude of sounds and styles.

It served as a major component in the development of rock and roll and countless other genres of music.

Popular music and rock groups often use the electric guitar in two roles: as a rhythm guitar or as a lead guitar.

**- Wikipedia**

# Energieke, passievolle toneel raak mense se harte



Samewerking tussen Grey en ons susterskole word op die verhoog verder gevoer. **Foto: Le Riche Coetzer**

Vanjaar het Grey se toneelgroep 'n kabaret oor die liefde, www.bloei-tyd.com, op meesterlike wyse vir die ATKV se Toneelkompetisie, opgevoer. Die stuk is deur Petro Muller (regisseuse) saamgestel.

Die toneelstuk het derde in die Vrystaat- en Noord-Kaap-streek gekom. Die akteurs het almal silwer toekennings ontvang. Die stuk was een van die min stukke wat die gehoor letterlik betower het met energieke spel in woord, sang, musiek en dans.

Die beoordelaars, Johann Nel en Denise Newman was vol lof van die stuk. "Daar was soveel slaggate waarin die akteurs kon trap, maar hierdie groep was puik afgerig en dit het uit hul harte, hul binneste gekom. Ek kan weer en weer na die stuk kyk. Julle het my betower", aldus Denise Newman.

**- Tian Nienaber**

ITEC

QUALITY PEOPLE, SMART DOCUMENT SOLUTIONS

Copy, Print, Scan, Fax, Telecoms, Intercoms, CCTV, Generators, Toner, Paper and Stationary.

ITEC Free State
14 CP Hoogenhout Street, Langenhovenpark, Bloemfontein
Tel: +27 51 446 2440
Web: www.itecgroup.co.za

Supporter of Grey College

vodacom





# Dissipline verg nog aandag

Oudergewoontes is dit my plig om alle lesers in te lig hoe goed die kwartaal verloop het. Die eerste rugbyspan het Paul Roos in 'n skitterwedstryd gewys dat hulle oorwinning oor ons laas jaar net 'n gelukskoot was; die hokkiespelers het ons neerlaag van vroeër vanjaar teen Glenwood tydens die Glenwood Centenary Festival op 'n soorgelyke manier gewreek by die interskole-byeenkoms; en ons het met nog 'n suksesvolle Musiekfees gewys dat daar tog ook 'n bietjie kultuur agter die lae en lae van spiere en sweet is - ons doen darem nie nét sport hier nie.

Akademies was die kwartaal egter 'n bietjie minder rooskleurig. Stakings, verkorte onderrigtyd en die tipiese Grey-ingesteldheid teenoor ooreising op verstandelike gebied het die reeds moeilike taak van opvoeding by Grey nóg moeiliker gemaak. Op een of ander manier het ons dit egter tog reggekry om klaar te maak, alhoewel sommiges se uitslae moontlik daaronder gely het. So aan die ouers: moenie te geskok wees as julle kinders een of twee persent minder vir 'n gemiddeld kry nie - dié kwartaal wás 'n uitdaging.

Dissiplinêr was daar nie te veel opspraakwekkende gebeurtenisse nie. "Name & Shame", hoewel dit nie vreeslik byval gevind het by die massas nie, het ten minste die probleemkinders gedwing om 'n bietjie af te skaal (of minstens gedwing het om hulle oortredings beter weg te steek). Die skool was egter duidelik onrustiger as voorheen, waarskynlik te wyte aan die groter spanning wat met die meer stresvolle kwartaal gepaard gegaan het. Ingryping het onvermydelik gevolg en nie altyd, volgens baie van die seuns, tereg nie.

Party voel dat dit oorbodig was om ons deur die kameras dop te hou (op die civvie-dag), 'n stelsel wat aanvanklik vir die voorkoming van diefstal bedoel is. Maar om vingers te wys, help nie. Die kwartaal was spannend vir almal, nie net die seuns nie. Die dreigement van geweld teen die skool deur stakers kon ook nie juis ontspannend vir ons skoolhoof gewees het nie. Miskien kan ons almal daarby baat om mekaar se kant van die saak te probeer verstaan.




BRIEWE/MAIL




## Grey wys steeds hoe jy die beste kan word

Ek dreig al lank om aan die skool te skryf en doen dit nou net na die Affies-naweek.

Deur dinge reg te doen, basiese beginsels toe te pas, liefde vir jou naaste, lojaliteit teenoor jou mede-skoliere en harde werk – dit is hoe Grey wys dat jy die beste kan word. Dit is die waardes waarop gefokus moet word, nie die einddoel nie. Die einddoel volg outomaties op die waardes.

Dit is wat Grey anders maak as ander skole. Grey-seuns raak nie paniekbevange wanneer dinge nie volgens plan verloop nie – hulle hou aan om die regte dinge te doen.

Geluk met die wonderlike prestasies! Om dinge op die regte manier te doen lei onvermydelik tot sukses. Hou aan met die goeie werk.

***Dr. Jaco Makkink***
***Oud-Grey***

## Redaksielys 2010

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur** Christoff Odendaal
**Subredakteur: Nuus**
Melo Mtombeni
**Subredakteur: Sport**
Hendrik Wilken
**Subredakteur: Diepte**
Wimpie Greyvenstein
**Subredakteur: Joernaal**
Henri Brummer
**Subredakteur: Kultuur**
Wijbren Nell

**NUUSREDAKSIE**
Billy Grünow
Simon Sonnekus
Claudio Achadinha
Quintin Beukes
Luan Reynders
Reinhard Arndt
Jarryd Scholtz
Vince de Beer

**SPORTREDAKSIE**
Peter van Biljon
Helgard Claassen
Phil Boshoff
Jan-Willem Ras
Jason Long
Pieterjan Eloff
Armand Pretorius
Julius Zerwick

**DIEPTEREDAKSIE**
Björn Anderson
Graham McFarlane
Dianno Baatjies
Faiq Fredericks
Malan Bosman
Daniël Steenkamp

**KULTUURREDAKSIE**
Kevin Kok
Tian Nienaber

**JOERNAALREDAKSIE**
James Rothmann
Willie Louw

**KUNSTENAARS**
Thomas von Delft
Casper Schutte

**FOTOGRAWE**
George Briedenhann
Riaan Carr
Le Riche Coetzer
Hanno du Preez
Henry Galloway

# Klip wil altyd op hoogte wees

## Francois Venter se besondere praatvermoë is sonder twyfel aangebore




Christoff Odendaal saam met die redenaar van formaat, Francois (Klip) Venter. **Foto: Simon Sonnekus**

*1) Wat is jou gunsteling herinnering aan jou tyd op Grey?*
Elke dag in mnr. Flash (JC Venter) se klas.

*2) Wat is iets wat niemand van jou weet nie?*
Almal dink ek's vreeslik chill, maar ek kan partykeer bietjie "opgewonde" raak.

*3) Waar kom jou openbare spreekvermoë vandaan?*
My ma en my pa is albei baie uitgesproke mense en dis maar hoe ek grootgeword het.

*4) Waarsonder kan jy nie leef nie?*
Nuus - sokkernuus, wêreldnuus - ek moet weet wat in die wêreld aangaan.

*5) Wie's jou inspirasie?*
My pa - hy sê 'n ding soos dit is. Hy is nie bang nie.

*6) Wat's jou planne vir volgende jaar?*
Ek gaan sielkunde aan die UVS in Bloemfontein studeer. Ek gaan in Vishuis wees.

*6.1) Hoekom sielkunde?*
Die mens se verstand is 'n intrige wat niemand ooit sal verstaan nie en ek hou van probleme ontleed.

*7) Hoe was die jaar as Brill-huis prefek?*
Regtig lekker. Ek het baie van die jonger ouens leer ken en mens moet met almal vriende kan wees, so dit was lekker om jonger vriende te maak.

*8) Wie was jou gunsteling onderwyser en hoekom?*
(Diplomaties) Ek hou van almal, maar die mees "memorable" van dié wat vir my klasgee: ongetwyfeld die alwetende mnr. Flash Venter en die eksentrieke juf. Hester Roos. Van dié wat nie vir my klasgee nie: definitief juf. Lettie.

GESKIEDENIS

## Grey Kollege 50 jaar gelede

1960 was vir Grey Kollege 'n oorgangsjaar - van een skoolhoof (mnr. JMB Faure) na 'n ander (mnr. AK Volsteedt). Op 29 April 1960 maak mnr. Faure sy laaste inskrywing in die dagboek van die skoolhoof en aanvaar 'n nuwe betrekking as inspekteur van onderwys.



Mnr. JMB Faure

Die volgende dag aanvaar mnr. AK Volsteedt diens as skoolhoof van Grey Kollege. Mnr. Faure was vir elf jaar skoolhoof. Sy tyd as hoof sluit ook die eeufeesvieringe in 1955 in.

Mnr. Volsteedt het in jare voordat hy hoof geword het rugby en atletiek afgerig, was 'n kadetoffisier en was ook gemoeid met redenaarskompetisies, spreekkore en skooltoere. Die samesang van die seuns as 'n massa het hom na aan die hard gelê.


# Diversity and fair treatment are hallmarks of religious tolerance

### Various groups regard the atmosphere at Grey as fairly accommodating

Everyone knows how diverse we are in South Africa with regard to the different ethnic groups but have you ever stopped to wonder about the diversity of religious beliefs?"

In most classes a passage from the Bible is read every morning. Is it possible that some learners find this practice offensive?

When asked whether he was treated fairly at school regarding his religious beliefs, a Jewish learner who wishes to remain anonymous said, "Most of the time yes, but I do occasionally get derogatory remarks regarding my religion." He does however receive fair treatment from the school. The question can be raised how someone can be treated fairly by some but unfairly by others? Is it fair and just to break down a group just because they are in minority? We have all seen the consequences if such an act with the reign of Adolf Hitler.




When asked the same question, Shahid Jhetam, a learner of the Muslim faith had this to say, "Not particularly, but I do feel left out when it comes to the food at the Tuckshop and Coffee Shop. We cannot eat the meat there."

Both the Jewish learner and Shahid had to miss their English exams of this term because of various festivals and holy days. When asked about this, Shahid said, "We do get time off from the school for various holy days and also every Friday. On Fridays we have an important afternoon prayer and all Muslim boys in the school have permission to leave classes at 12, provided we catch up with any work we miss."

Religious tolerance is regarded as very important at Grey. Are we all equal or in your eyes are some beliefs more superior than others? Let's all stand together, whether we are Muslim, Jewish, Hindu, Atheist or Christian, to strive to a common goal. Equality amongst all nations.

**- Björn Anderson**

## Autocratic booming China rewrites economic history




China. The home of the dragon, the Great Wall, gunpowder and most of all, cheap labor. The population of this very unique country recently hit the mark of one billion people and is still growing rapidly.

Now this huge country has also become more powerful, as China has surpassed Japan as being the leading economic power in Asia. Does this mean that other countries are at risk?

Time and time again, communist states have shown their strength in rising above their own and becoming more powerful than many will be able to comprehend.

Though it may seem that this economically booming country is advanced in every way, it is still considered a developing country, due to the reason that the population is catastrophically huge. China accounts for one sixth of the total population of the world. Their super-economy is unable to support such a vast number of people. Thus, most people in China are poor; yet, at the rate of growth of the Chinese economic sector – it will soon surpass the U.S.A, allowing for greater development and eventually, first world country status.

There are not many other communist or authoritarian states that have taken on the world to be superior in many different ways, and have all come very close, for example: Germany's Nazi regime.

Many other dominant countries have a sense of fear towards the possibility of China becoming a world power in every sense of the word. The economic status of China is already one of superiority in the world.

The fact remains that China might be able to capitalise on their technological advantage in the field of warfare and arms development. This can threaten the current world order. This country has all the resources and capabilities to take on the world.

**- Graham McFarlane**

## Ouer geslagte speel 'n rol

Wat sal 'n jaar tog wees sonder 'n Ma-en-seun-ontbyt of 'n Pa-en seun-sakemiddagete of selfs sonder 'n ordentlike matriek-afskeid? Wat as daar nie 'n 'Past vs. Present'-sportdag was nie?

'n Interskole is mos ook nie dieselfde sonder die reuk van braaivleisvure wat deur geesdriftige ouers behartig word nie. Dit is slegs 'n handjievol dinge waarvoor ons vir ouers en oud-Greys kan bedank.

Spanwerk is een van Grey se sterkpunte en ook onder die ouers is dit duidelik sigbaar.

Sonder hulle insette van tyd, moeite, geld en veral entoesiasme sou 'n jaar maar vervelig gewees het, of hoe?

Buiten die ouers speel oud-Greys ook 'n onmisbare rol in die skool se bestaan. Gepraat van oud-Greys: Mnr. James Harry (Choppy) Roberts, se nageslag op Grey is sekerlik een van die indrukwekkendste.

Sy kleinkinders en wanneer hul matrikuleer aan Grey, is as volg: Hugo Groenewald in 2007; Nic Linde in 2010; Jimmy Roberts in 2011; Henlo Roberts in 2013; Henning Viljoen in 2013; Choppy Linde in 2013; Werner Roberts in 2015; Lourens Henn in 2015. Mnr. James Henry Roberts se seun, mnr. James Henry (Jimmy) Roberts, is ook 'n Oud-Grey. Familiebande maak Grey dus selfs sterker.

Hieruit kan ons sien dat Grey nie slegs uit 1200 seuns bestaan nie.

**- Malan Bosman**

Dis-Chem PHARMACIES
*Pharmacists who care*
Shop 68
Northridge Mall
Bloemfontein
Tel (051) 4331001
COOL2CARE
Proud supporter of Grey College

## Grievances of teachers lead to unwelcome rest period

Strike action, often simply called a strike, is a work stoppage caused by the mass refusal of employees to work. A strike usually takes place in response to employee grievances. In the teachers case their salary, or rather the lack there of. There has been much debate on this topic.

Grey College learners are of the fortunate ones who never experienced the full impact of the strike. Grey called in extra security and the police during the strike to ensure the safety and education of their learners. But what about other schools that do not have access to the above-mentioned; how are they coping?

Schools with teachers that went on strike or that simply could not teach because of the strike had a mid-term holiday of three weeks. The children who were bragging about their absenteeism are now suffering academically. Most schools have introduced extra classes not only after school but also during weekends.

The main group of learners that worries people are the matriculants. The matric pass rate for 2009 was 60, 7%, a year with no strikes or school interferences, 2% lower than the class of 2008.

Most people blame the teachers for this problem for being inconsiderate, but from a teacher's point of view, "is the government being considerate towards us!?" In the end, one must agree that if one side was right it would be the teachers; teaching is the basis of every other profession; they do deserve a higher income.

**- Faiq Fredericks**

# Democracy is threatened

## Maintaining balanced reporting in SA might be difficult



Graphics: Dianno Baatjies

"The media do make mistakes from time to time, and we must ensure that accuracy and balance is maintained. But for the government to try to control us and silence us is totally unacceptable," said Yusuf Abramjee, National Press Club chairperson, in a recent statement.

The battle between government and the press caused quite a stir recently when information released by the press, was deemed false by the current governing party, the ANC. But it seems different people do not share an opinion on this "sensitive" matter. Dr Laurie Nathan, former member of the Ministerial Review Commission on Intelligence had the following to say, "The government cannot seek to avoid all possible harm that might arise from the disclosure of sensitive information."

He also believes, "Some risk of harm has to be tolerated in a democracy because the dangers posed by secrecy - lack of accountability, abuse of power, infringements of human rights and a culture of impunity - can imperil the democratic order itself."

This is understood, because the fact of the matter is that we as South Africans, especially we young students, are living in the information age, thus government should not try to control the information the press releases. We have the right to know what is currently happening in the world, no matter how sensitive. And as for the leaders of this country, the implementation of a new law would not be necessary if they kept their slate clean and for once led by example, showing the youth how to act in a position of power. The South African Chamber of Commerce and Industry shared their point of view, "We appeal to the media to ensure that truthful reporting occurs and that journalists exercise appropriate care in the development of their reports".

Respecting these opinions, the questions now to be asked are: What happened to Freedom of Speech and Freedom of Expression? What role do these two rights play in the current crusade? Are they suddenly of no importance, or is the government simply trying to keep journalists from revealing all their secrets from behind the scenes?

**- Dianno Baatjies**

## HISTORY

### Grey College 100 years ago

For two years Grey College School has been separated from the Grey University College. The headmaster of the school is Mr James Lyle. He has an enviable task - the school has built up a national reputation under the leadership of Dr Johannes Brill.

The main building, Hamilton Hall, Murray House and Brill House have been in use for only two years. James Lyle was a man of sturdy character and his inherent fairness guided the school through a difficult period. Afrikaans as a language was coming into its own and Mr Lyle expressed the view that Afrikaans boys should receive tuition in their own language. This was realised in 1916 when Afrikaans medium classes were introduced in the lower school.


Mr James Lyle

Under Lyle the complete separation between the university and the school on the sports fields was accomplished. This laid the foundation of some great achievements on the sports fields. The cadet corps was also very active during this time.







# Akademiese tyd word nie ontwrig nie



Mevv. Doré Lourens en Bets Bezuidenhout geniet koffie tydens die staking. **Foto: Simon Sonnekus**

"Wie is ooit tevrede met 'n salaris? Maar ek is 'happy'," sê mnr. Barry Schutte. Nie 'n enkele Grey personeellid het aan die staking deelgeneem nie.

"Dis nie regverdig teenoor ons Grey-seuns as ons staak nie. Staking het nie 'n plek by Grey nie," sê mnr. Naresh Mahabeer. Hy sê ook dat hul as onderwysers die naam van die skool uitdra en dit stuur 'n boodskap na buite dat Grey nie 'n gewone skool is nie. Grey was een van die skole wat die stakers wou ontwrig. Die stakers het dit twee keer probeer.

Beide kere is die stakers egter by die hekke gestuit, waar polisie en sekuriteit vir hulle gewag het. Mej. Heleen Cronje sê sy was nooit bang nie: "1200 Grey-manne sou ons beskerm het! Hoekom anders 'gym' die ouens so hard?" Sy sê ook: "Dis my werk, my passie, my leefwyse, ek sal nooit die Grey-manne benadeel deur weg te bly van die skool af nie." Mej. Chris-Marie Liebenberg sê: "Akademiese tyd by die skool is kosbaar, ek kan nie nog tyd verloor met my kinders nie."

Niemand van Grey was 'n enkele dag afwesig nie. Daar is 'n interskole teen Paul Roos aangebied asook die Musiekfees!

**- Daniël Steenkamp**

# Bespiegeling oor Afrikaans se dood span die kar voor die perde

## Lewendige taalgebruik skep nuwe kultuur onder vandag se tienderjariges







Daar het so pas 'n tragedie plaasgevind. Afrikaans is dood. Of so word daar bespiegel…

Daar is al lank debat gevoer oor en in ons taal: Wanneer sal dit uitsterf? Hoe kan ons dit voorkom? Watter reëls ons kan byvoeg om dit te keer ens. …

Eerlikwaar, die vorige generasie klink soos 'n klomp bedorwe tieners, wat nie kan wag om hulle porsie van oupa se erfgeld te ontvang nie. Baie ouer mense se woorde is dalk: "Nou ja ou seun, julle sal die ou dae mis, toe die taal nog suiwer en die mense nog goed was". Ek, aan die ander kant, verskil hiervan.

Afrikaans is nie dood nie, dit het net 'n nuwe stel klere gekry. Dit is nie meer 1918 nie; mense leef, dink en praat vinniger. Dit het tot die ontwikkeling van 'n 21ste eeu-Afrikaans gelei, 'n werklike taal van die mense. Hierdie nuwe Afrikaans is 'n "in-jou-gesig-taal" en dit het meer byt as ooit tevore. Jy kan skree, skryf en 'rock' in jou taal. Afrikaans het 'cool' geword a.g.v. ordentlike (dit sluit Kurt Darren en Patricia Lewis uit) Afrikaanse musiek.

'n Nuwe kultuur is onder die tieners in Suid-Afrika geskep, ons is nie skaam vir ons huistaal nie, ons is trots daarop. Ons WIL dit praat, mits ons ons vryheid daarin kan uitdruk, want 'n taal met boeie, kan maar net sowel nie bestaan nie. Die jare het ons ingehaal, en ons het hulle gevang, Afrikaans is soos 'n mal mens, onwetend wat volgende met hom gaan gebeur, dit is ewig besig om te verander, en dit maak dit interessant en opwindend. Soos 'n spannende sportwedstryd hou Afrikaans ons van ons stoele af, en hou ons op hoogte wat aangaan.

Die tyd het lankal gekom en gegaan dat Afrikaans ons taal is. Afrikaans is een van ons tale, want sien, Afrikaans wees, is nie Afrikaans wees nie, dis Engels wees, Duits wees, Frans wees, Maleis wees, Sotho wees, Xhosa wees - en ons skaam ons nie vir enigeen van ons volke nie.

Vandag se Afrikaners het nie 'n probleem om ander mense in ons land te akkommodeer nie. Vandag se Afrikaners het in die eerste plek respek vir hul eie kultuur, maar waardeer ook die kulture van ander. Saam maak almal van Suid-Afrika 'n ware reënboogland, nie dié een wat op die mense van ons land afgeforseer word nie.

Miskien is dit wat ons anders maak as vorige generasies. En ons 'like dit'. Mag dit die resep wees vir vreedsame naasbestaan in ons land.

## KFC and McD's keep luring in customers with wide variety

As long as anyone reading this article can remember both Kentucky Fried Chicken and McDonalds have been feeding the youth and raising the population of obese people in the country and all over the world. McDonalds with the colourful clown smiling from ear to ear and KFC with the Colonel and his chicken.

Both keep luring in unsuspecting customers with all forms of propaganda imaginable, from small toys with kiddie meals to extra Coke with your supersized burger.

But what separates these two giants of gluttony? Both are known for chicken. Both thrive on fast service, especially drive-through facilities. McDonalds with their variety of burgers and of course the famous McFlurry, and Kentucky with Bowls, Sprinkle Pops and burgers.

Apart from that it would be up to only personal preference to decide which of these is "better", although I must admit a McFlurry seems to always go down well. Also if you do not want chicken to be part of your already unhealthy fast-food diet, "Kentucky Fried Chicken" won't be able to offer you much, hence the name.

McDonalds however has a little bit of salad and some muffins for people who do not comprehend the concept of fast food. I don't think it would be fair to judge KFC on this though, since it would be stupid to go to a place where they sell Chicken Burgers and ask for rice and veggies.

So in the end it only depends on personal preference.

**- Willie Louw**

## Jack Parow maak egte braaivleisvuur-musiek




Jack Parow - die vader van die Afrikaanse rap-opmars, soos hy homself noem, se lang-verwagte nuutste vrystelling het die rakke getref.

Parow het kitsroem verwerf nadat hy kragte saamgesnoer het met Die Heuwels Fantasties op die liedjie *"Die Vraagstuk"*. Hy verkoop deesdae meer CD's as Justin Bieber in Suid-Afrika en spog met meer Facebook-ondersteuners as Kurt Darren.

Volgens kenners het Parow na tien jaar se 'underground rap' 'n deurbraak gemaak en met sy unieke musiekstyl die meeste Suid-Afrikaners en selfs Nederlanders op hol gejaag.

Die selfgetitelde plaat bevat 'n paar liedjies soos *"Cooler as Ekke"* en *"Dans, Dans, Dans"* waaraan ons ore al gewoond is, maar daar is heelwat nuwes wat jy vir die eerste keer sal hoor. Liedjies soos *"Hier's Jy Nou"*, *"I Miss"* en *"Parow to Paarl"* kan met internasionale kunstenaars vergelyk word. Die CD bereik 'n klimaks met die liedjie *"Tussen Stasies"* waarmee Jack Parow sy dieper kant wys.

Dis nou nie die CD wat jy saam jou Ma, meisie of laerskool-boetie luister nie, maar eerder om die braaivleisvuur tussen jou vriende.

***Awe***

***Bob Sands***






# Bergfiets is geen pretrit vir sissies!

## Eerste oorwinning oor Paul Roos is hoogtepunt van bedrywige sportjaar

Baie Grey-seuns het fietse. Baie ry daarmee skool toe of sommer net vir die pret, maar net sommige weet hoe lekker dit is om op hierdie einste fiets "singletrack" te gaan, volspoed "downhill" te jaag en sonder om te skroom deur die modder en stof te ploeg!

"Aanvanklik dink jy net fiets, fiets, fiets. 'Singletrack', 'Downhill' en 'Racing'," was Derrick Williams, een van die groentjies in die span, se kommentaar. Derick bevestig dat by Grey se Bergfietsklub die fietsryers hul beste vriende ontmoet het. "n Mens leer van uithou en aanhou," sê hy.

Die jaarlikse interskool teen Paul Roos was dus iets om na uit te sien. Paul Roos (tans nommer 1 in SA Skole Bergfiets) en die Grey-manne sou die stryd by Sewe Damme aansê. Eers was daar 'n bekendstelling, waar Grey as goeie gasheer die Paul Roos-manne 'n "warm-up lap" laat ry het om die terrein te verken. Die manne van Paul Roos was nie gewoond aan die harde klipperige roete nie en moes in die stof van die Grey-manne ry.

"Grey-guts, innerlike krag en goeie voorbereiding was die bepalende faktor in die taaiste en mees veeleisende bergfiets-resies tot op hede," het mnr. Juan van den Berg gereageer op die sukses van sy span. Christiaan Strauss van Grey het die resies gewen, met Herlu Smith kort op sy hakke in die tweede plek. Na afloop van die resies is daar, tot ongeloof van die Paul Roos-manne, aangekondig dat Grey as die algemene wenner uit die stryd getree het!

Volgens mnr. Van den Berg was die spantaktiek om die beste ryers voor te kry en die ander ryers moes hulle beskerm. "As dit kom by bergfiets ry dan gaan dit oor hoe gelukkig jy is om sonder enige tegniese probleme die resies te voltooi," sê hy. Na die resies het die manne by die tent bymekaar gekom, lekker gesels oor wat langs die roete gebeur het, skade aan die fietse vergelyk endie bloed van hulle bene en arms afgevee.

As Chuck Norris geweet het van Grey Kollege se Bergfiets-klub, sou hy dadelik al sy boeke, balle en "tricks" verruil het vir 'n Grey fietshemp en 'n lekker bergfiets!

**- Armand Pretorius**



Die bergfietsyers spog met hul eie dasse. **Foto: Simon Sonnekus**

# Gholfspelers is oortuig dat hulle nog kan verbeter

"Grey is maar net 'n rugbyskool!!" Al ooit die cliché gehoor? Wel, as 'n ongelooflike musiekfees, 'n puik gehalte sokkertoernooi en soveel ander prestasies nie die kritici kan stil maak nie, het die eerste gholfspan dit sekerlik gedoen.

Groot skole, o.a. Affies, Paul Roos en Glenwood, het vanjaar teen Grey se span in die stof gebyt.

Die beste van alles egter is dat die seuns dit geniet het en met passie vir hul skool deelgeneem het. "Ek het die seisoen baie geniet; dit is moeilik om gholf nie te geniet nie. Om vir Grey te speel maak dit boonop meer spesiaal," sê Bernard van der Westhuizen, kaptein van die eerstespan.

"Die seuns het puik presteer en 'n goeie gehalte gholf gelewer, maar ons kan altyd verbeter," sê mnr Gawie Grobbelaar, die nuwe hoof van gholf by Grey.

Bernard sê ook: "Daar is ongelooflike gholftalent by Grey en die jonger spelers is ook baie hardwerkend. Die passie wat hulle vir die sport het laat gholf elke jaar by Grey groei."

As mens kyk na die houding wat die jonger spelers het, verstaan mens wat Bernard bedoel. Theo Potgieter sê: "Ek wil graag Grey se naam hoog hou op die gholfbaan en aanhou om die standaard van die sport by die skool te verbeter."

Theo is tans in gr.9 en was die afgelope seisoen reserwe vir die eerstespan. Hy speel reeds van 'n +1 voorgee af (wys jou hóé goed die eerstespan is!) en het 'n belowende gholf-toekoms.

**- Pieterjan Eloff**

## RESULTS

### Grey vs Grey PE

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 38-8 |
| Cherries | wen | 31-0 |
| Derdespan | wen | 72-10 |
| Vierdespan | wen | 21-6 |
| Vyfdespan | wen | 52-0 |
| Sesdespan | wen | 41-0 |
| Sewendespan | wen | 78-7 |
| Agstespan | wen | 83-0 |
| o/16 A | wen | 8-5 |
| o/16 B | wen | 46-3 |
| o/15 A | wen | 25-3 |
| o/15 B | wen | 18-3 |
| o/15 C | wen | 24-6 |
| o/15 D | wen | 117-0 |
| o/14 A | wen | 27-15 |
| o/14 B | wen | 70-5 |
| o/14 C | wen | 20-0 |
| o/14 D | wen | 72-0 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-1 |
| Chillies | wen | 2-1 |
| Derdespan | verloor | 0-1 |
| o/16 A | verloor | 0-1 |
| o/16 B | verloor | 2-4 |
| o/14 A | verloor | 0-5 |
| o/14 B | verloor | 0-5 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 8-1 |
| Tweedespan | wen | 8-1 |
| Juniors | verloor | 2-7 |

WIEHAHN
PROUD SPONSOR OF
Grey College Rugby
Leaders in formwork & scaffolding technology

Don't delay. Phone OUTsurance today to experience hassle-free insurance cover.
OUTSURANCE
08 600 60 000
Please visit our website at www.outsurance.co.za
OUTsurance is an authorised financial services provider.

# Eerste krieketspan doen ondervinding op in Engeland

Die eerste krieketspan het gedurende die Julie-vakansie die geboorteland van krieket, Engeland, besoek. Dié wilgerlat-spel het meer as 150 jaar gelede daar ontstaan.

Alhoewel Europa heelwat verskil van ons toestande in Suid-Afrika, het die eerstespan vinnig aangepas en hul goed van hul taak gekwyt.

Die span het in 7 van hul 11 wedstryde oorwinnings behaal, waarvan die mees gesogte oorwinning sekerlik dié een teen die T20-kampioene van Engeland was. Grey het vir Millfield, wat met die nasionale trofee in T20-krieket weggestap het, met 9 paaltjies oorrompel. Die eerste-span het ook teen bekende skole soos Dulwich College en Tonbridge gespeel.

"Die wedstryde was hoogs kompeterend, maar ons het daarby net meer ondervinding opgedoen," aldus Corné Dry, lid van die eerste krieketspan.

Spelers wat op die toer met die kolf uitgeblink het was Heinrich Roberts met 86, Nicol Linde met 60 en Vassili Orros met 58. Spelers wat met die bal beïndruk het was Corné Dry, Dwaine Calder en Nic Venter. Heinrich Roberts sê: "Ons krieketkennis is nie net opgeskerp nie, maar ons het ook 'n paar historiese plekke besoek wat die toer spesiaal gemaak het."



Die span by Glastonbury in Somerset. **Foto: Verskaf**

Hierdie toer het reeds vrugte begin afwerp, want Grey het onlangs met skole soos Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria en Pretoria Boys High by die St Davids-toernooi afgereken.

Daar kan egter nog baie van hierdie gedugte span verwag word hierdie seisoen. Baie van die lede is nog jonk en behoort nog heelwat te ontwikkel.

**- Hendrik Wilken**

# Stadige begin was net die regte doepa vir suksesvolle hokkiejaar

## Vrystaat-kampioene spog met puik oorwinnings oor Maritzburg en KES



Jurie Swart in aksie op die Astro. Foto: Le Riche Coetzer

'n Seisoen hang van meer af as net die begin. Na 'n minder goeie begin het Grey se eerste hokkiespan vasgebyt en die seisoen suksesvol afgesluit.

Hulle het goed tydens die interskole gevaar en het vier uit hul sewe wedstryde gewen. Hierdie oorwinnings was teen Affies, Glenwood, Selborne en Paarl Boys High. Van al die skole teen wie hulle by interskole meegeding het, kon net Grey P.E. hulle klop. Vir hokkiegeesdriftiges was die hoogtepunt vanjaar weereens die wedstryd teen Paul Roos. Hierdie naelbytstryd het duisende mense gelok. Tot almal se teleurstelling het dit een-elk geëindig. Dit was ook die resultaat by die interskool teen Pretoria Boys High.

Die span is ook aangewys as die Vrystaat-kampioene. Hulle het oortuigend teen Welkom High en Kroonstad Hoërskool gewen om hierdie prestasie te behaal. Volgens Petri Claassen, lid van die eerstespan, kan dit egter nie opweeg teen die sukses wat hulle by die Nomads-toernooi behaal het nie. Hierdie toernooi word steeds deur baie gesien as die hoogtepunt van die seisoen met die oorwinnings teen Maritzburg College en KES wat hier uitstaan.

Wat was Grey se wenresep vanjaar? Volgens mnr. Dixie Dykman, wat vanjaar die bestuurder van die eerstespan was, kan hulle sukses toegeskryf word aan 'n eenvoudige "game plan" waarby hulle deurentyd gebly het. Alhoewel sommige van die jonger spanne meer wedstryde verloor het, toon die eerstespan se sukses dat daar deur die jare hard gewerk word om tog sukses op die hoogste vlak te smaak.

Nog iets wat Grey-hokkie een stappie voor die ander skole plaas, is die jaarlikse 'summer school'. Die feit dat die hokkieseisoen nou verby is, beteken nie noodwendig dat die hokkiespelers ophou oefen nie. Volgende kwartaal gaan dit weer aangebied word en dit is iets waarna al die hokkiespelers kan uitsien. Daar is baie positiewe bydraes wat deur die 'summer school' gemaak word, soos die aanleer van 'n verskeidenheid vaardighede vir die deelnemende spelers.

Daar word gehoop dat volgende seisoen se span met dieselfde deursettingsvermoë sal speel om sodoende die sukses van hul voorgangers te herhaal.

**- Helgard Claassen**

## UITSLAE

### Grey vs Paul Roos

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 41-29 |
| Cherries | wen | 40-22 |
| Derdespan | wen | 70-0 |
| Vierdespan | wen | 66-0 |
| Vyfdespan | wen | 50-6 |
| Sesdespan | wen | 85-20 |
| o/16 A | wen | 31-13 |
| o/16 B | wen | 58-5 |
| o/16 C | wen | 19-14 |
| o/15 A | wen | 30-24 |
| o/15 B | verloor | 0-20 |
| o/15 C | verloor | 25-30 |
| o/14 A | wen | 12-0 |
| o/14 B | wen | 33-5 |
| o/14 C | wen | 5-3 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | gelykop | 1-1 |
| Chillies | wen | 3-1 |
| Derdespan | verloor | 1-2 |
| o/16 A | verloor | 0-1 |
| o/16 B | verloor | 2-3 |
| o/14 A | wen | 2-0 |
| o/14 B | gelykop | 1-1 |

**TENNIS**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-9 |
| Tweedespan | verloor | 1-8 |
| Juniors | verloor | 1-8 |

# Clash of the Titans seems professional



Mr Hendri Theron, maths teacher, was one of the stars of the Grey team. Photo: Le Riche Coetzer

The Oval - Grey College. It was on the Friday afternoon, during the interschool against Paul Roos, when a new and exciting tradition was born. Some 2000 spectators gathered at the Oval rugby field to see how their teachers and coaches played against one another.

The Grey team was captained by Mr Wessel du Plessis and for a team that has only practiced together for one week before the match, they appeared like professionals. Luckily for all players involved, the match was only 10 minutes a side, but this did not stop injuries from pouring in.

The team of Paul Roos received a red card, thereby giving Grey the opportunity to clinch the match! Although the referee, from the Free State Rugby Union, made some interesting decisions, Grey College's teachers won the rugby match 26 - 24.

Most of the points were scored by Mr Marius and Mr Machiel Badenhorst and the latter was also nominated as the man of the match. It seemed like Mr du Plessis' pep talk about honour and courage paid great dividends.

**- Jason Long**

# Muurbalspan oorrompel Paul Roos

Daar word gesê: "'n Span is so goed soos sy laaste wedstryd." Te danke aan hierdie gesegde kan Grey se muurbal as briljant bestempel word na hul skoonskip-oorwinning oor Paul Roos.

Die interskole muurbal-seisoen het beslis op 'n hoë noot geëindig. Grey het nie 'n enkele wedstryd verloor nie en Paul Roos is ook met leë hande teruggestuur huis toe. Grey het 'n ware "white-wash" of sal ons eerder sê "Grey-wash" behaal.

"Paul Roos het met 'n redelike hoogmoedige houding hier aangekom. Hulle het gesê Bloemfontein, wat as die stad van Rose bekend staan, sal na hierdie naweek as die stad van Paul Roos bekend staan. Ongelukkig vir hulle het dit ons net meer vasberade gemaak." Dit is die woorde van Gareth de Bruin, lid van dié span.

Hierdie oorwinnning was beslis vir die matriekleerlinge, wie se laaste interskool dit was, 'n wonderlike herinnering. Mev. Doré Lourens kan baie trots wees op haar muurbalmanne.

Die muurbalspanne het nie slegs teen Paul Roos geskitter nie. Tydens die top skole-toernooi in Pietermaritzburg het Grey 'n sesde plek behaal.

Grey se negende ligaspan is tans in die nr. 1-posisie van die liga, met slegs twee wedstryde oor. As hul puik vertonings aanhou, sal hulle definitief die liga kan wen.

**- Jan Willem Ras**

BLOEMFONTEIN MEDI-CLINIC
Private hospital
Committed to Quality Care
Cnr Parfitt & Kellner Street, Westdene, Bloemfontein
Tel +27 (0)51 404 6666, Fax +27 (0)51 444 1509
www.bloemfonteinmc.co.za
Bloemfontein Medi-Clinic 24 Hour Emergency Centre 0800 051 051
ER24 084 124

# Trotse rekord op rugbyveld word gehandhaaf

**Onoorwonne eerstespan klop al agtien opponente ten spyte van talle beserings en spog boonop met ses spelers in die SA Skolespan.**



Dries Swanepoel hardloop met die bal teen Paul Roos. Foto: Le Riche Coetzer

Met die aanbreek van die rugbyseisoen se einde, kan Grey nog 'n onoorwonne seisoen by sy trotse rekord voeg, met ses spelers wat boonop die S.A. Skole-rugbyspan verteenwoordig het.

Die eerstespan het 'n uitdagende seisoen ervaar met talle beserings en die afwesigheid van die S.A. Skolespelers teen Pretoria Boys High. Tog klop hulle steeds al agtien van hulle opponente.

Na die Junie/Julie-vakansie spog Grey met ses S.A. Skole-spelers (William Small-Smith, Paul Jordaan, Johan Goosen, Neethling Fouché, Kevin Luiters en Anrich Bitzi).

Die span het hulle interskole op 'n hoë noot begin deur vir Selborne met 62-14 af te ransel. Hulle het verder gegaan en vir Paarl Boys High met 34-12 geklop en vir Affies met 23-6.

Na die vakansie moes die span klaarkom sonder elf van die oorspronklike spanlede en die wedstryd teen Pretoria Boys High het op 'n naelbyt 34-29 geëindig. Hulle het verder vir Grey P.E oortuigend geklop en met die "Green Machine" in hulle eeufeesjaar afgereken. Paul Roos was al wat tussen die eerstespan en 'n onoorwonne seisoen gestaan het, maar met behulp van Goosen se drie, elf skoppe en baie 'Grey-guts', het hulle met 41-29 geseëvier. Die kookwater-flank Murray Bondesio sê: "Om vir die eerstespan te speel was vir my 'n besondere voorreg en my spanmaats asook die Grey-ondersteuners het dit vir my deur en deur die moeite werd gemaak."

Die span van 2010 het hulle name asook Grey se naam hoog gehou en getrou aan hulle slagspreuk "No limits" voldoen.

**- Peter van Biljon**

# Tennis bly koelkop op warm Cradock

Die eerste tennisspan het Grey in Augustus by die Marilie Moolman-toernooi op Cradock verteenwoordig. Hulle het hulle bewys as ware ambassadeurs van die skool deur verskeie puik oorwinnings oor sommige van die top tennisskole in die land te behaal en is aangewys as die wenners van die toernooi!

Die span, wat bestaan uit Ludik Schlebusch, Leon Oberholzer, Janco Strauss, Lohan Symington (k), Theo Ferreira, Byron Wegger en Alexis du Toit, het al uitstekende resultate gelewer deur die jaar waarvan hoogtepunte die toernooi op Cradock en hul oorwinning teen Affies tydens vanjaar se interskole was. Mnr. Naresh Mahabeer, bestuurder en mede-afrigter van dié span en Hendri Steyn het die span na die toernooi vergesel. Gustav Fichardt, afrigter van die eerstespan, het die spelers aangespoor en dit het die gewenste resultate gewys.

Volgens mnr. Mahabeer is die tennisspelers goed op dreef. "Daar was hoogtepunte en laagtepunte, maar die tennisseuns het aangehou," sê hy. Die junior spelers het ook 'n goeie seisoen beleef waar hulle skole soos Glenwood en Duineveld geklop het en omtrent al die ligaspanne van die skool het hul onderskeie liga's gewen. Die eerstespan en ander spanne bewys ook telkemale dat hulle in staat is om ander groot skole te klop.

Al was dit vuurwarm op Cradock, met die wind en stof wat gedurig gewaai het en die feit dat die seuns elke dag op verskillende bane moes speel, het dit geen effek op die eerstespan se motivering gehad nie. "Dit was ons mikpunt om te wen; ons het hard daarvoor geoefen en aangesien dit die matrieks se laaste toernooi was, wou ons graag op 'n hoogtepunt eindig", sê Theo Ferreira, lid van die eerstespan.

Al die lede van die span het die toernooi gate uit geniet. Die spel self was van hoogstaande gehalte en van die baan af was daar ook 'n lekker en prettige atmosfeer.

Alhoewel baie van die topspelers die skool volgende jaar verlaat, is daar ook baie goeie opkomende spelers wat baie potensiaal toon. In die vierde kwartaal vind die Grey ABSA Top 8-toernooi plaas, waar die eerstespan weer in aksie sal wees. Dié toernooi het hom reeds gevestig as een van die mees gesogte in die land.

**- Julius Zerwick**

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Official sponsor of Grey Sport
Clover
It's all you need

Caring for the children in our community
KFC
Proud Supporter of your School
Bloemfontein (Zastron Str) 051 447 5500 Bloemfontein (Curie Ave) 051 522 0823 Bloemfontein (St Andrews Str) 051 447 4682
it's finger lickin' good.™